

WAT IS DIE NAGEVOLGE VAN DROOGTE OP WEIVELD?

AGroot dele van ons land se weiveld het die afgelope somer gebuk gegaan onder uiters droë toestande weens die besondere lae reënval. Dele het rampdroogtetoestande bereik wat die bestuur vir die veeboer baie moeilik gemaak het. Ongelukkig vereis die komende winter en somer nog beter en doeltreffender bestuursvernuf van die veeboer.

1. Lae kwantiteit maar hoë kwaliteit

Alhoewel meeste weivelddele laat herfsreënval ontvang het, het dit nog steeds nie die hele grondprofiel met water gevul nie. Die koeler weer waarmee die reënval gepaard gegaan het, het meegebring dat die beperkte vog wel tot geringe groei van die grasse meegehelp het. Ten spyte van die lae bogrondse grasproduksie wat met die herfsreënval voorgekom het, behoort dit oor die algemeen 'n voerbron van hoë kwaliteit te wees. Die grasse het hoofsaaklik blaarproduksie gelewer en was nie in staat om tot saad oor te gaan nie. Vandaar die goeie kwaliteit. Hierdie goeie kwaliteit, maar lae kwantiteit materiaal waarmee die veeboer op sy veld sit, moet hom nog steeds dwing om diere te verminder vir die komende winter. Hierteenoor het die karoobossies, soos verwag kan word, geweldig goed reageer op die herfsreënval en besondere lang lote uitgestoot. Gelukkig dat die winter en eerste ryp hierdie jaar 'n bietjie aangeskuif het, wat meegebring het dat die plante 'n langer groeiseisoen ondervind het. Sou dit nie die geval gewees het nie, was die veeboer nog meer in die knyp.

2. Polafsterwing

Ongelukkig is dit nie net ten opsigte van die komende winter wat diere verminder moet word nie, maar ook omdat die droogte sy tol geëis het wat polafsterwings aanbetref. Opvallend is dat in die sentrale grasveldgebied byvoorbeeld, het die subklimaksgrasse (*Eragrostis spesies*) besonder goed op die herfsreënval reageer en vinnig blare gevorm. Van hierdie grasse het selfs 'n saadjie kon maak. Hierteenoor kan ongelukkig nie dieselfde van ons klimaksgrasse, wat die belangrikste komponent vir volhoubare produksie van die weidingekosisteem vorm, gesê word nie. Groot dele van die klimakspolte het totaal afgesterf weens die droogte, met slegs 'n paar groen spruite per pol. Hierdie geweldige polafsterwing gaan sy nadele die komende somer voortsit deurdat die produksie vir 'n lang tyd laag gaan bly. Die veeboer moet dus in sy bestuursbeplanning in gedagte hou dat die weidingkapasiteit van sy veld noodwendig laer gaan wees na die droogte as die langtermyn syfer daarvan. Dit hou dus die nadeel in dat die boer die komende somer minder diere op sy plaas sal kan aanhou vir volhoubare produksie vir die toekoms. Sou hy nie ag slaan op hierdie waarskuwing van grootskaalse polafsterwings van die klimaksgrasse nie, gaan hy oorbenutting daarvan kry en gaan dit dus langer neem om weer 'n volhoubare produksiestelsel op sy plaas te hê.

3. Wortelafsterwing

Elke nadelige situasie mag wel ook voordele inhou. Die afsterwing van die bogrondse dele weens die droogte het noodwendig ook meegebring dat van die wortels daarmee saam afgesterf het. Weiveld is 'n ekosisteem wat altyd in balans behoort te bly en daarom moet daar noodwendig elke jaar wortels afsterf om die humus in die grond aan te vul. Dit is mos nie 'n stelsel soos kontantgewasse waar bemesting deur die boer tot die grond toegevoeg word nie. Die afsterwing van die wortels het dus die

organiese materiaal of humus komponent in die grond geweldig aangevul en dus behoort die veeboer die komende seisoen of twee met 'n vrugbare ondergrond te sit. Die aanvulling van organiese materiaal of humus tot die grond kan juis slegs geskied deur wortelafsterwing. Die rampdroogtes wat die grasveldgebiede byvoorbeeld elke klompie jare tref, hou dus die voordeel van voldoende aanvulling van humus tot die grond in.

Die veeboer is geneig om slegs na die bopgrondse dele in terme van produksie vir die diere te kyk, terwyl die ondergrondse komponente nie die nodige aandag geniet nie. Alhoewel die ondergrond nie direk bydra tot diereproduksie nie, is dit tog belangrik om hierdie komponent, wat die ratwerk vir funksionering van die weidingekosistiem vorm, in die hele beplanning en bestuur in te bou.

4. Saailinge

Die weidingekosistiem se normale funksionering word baie keer as vanselfsprekend deur die veeboer aanvaar. Hierdeur word bedoel dat die weiveld na so 'n droogte sorg dat daar weer balans in die natuur sal ontstaan. Opvallend na die herfsreënval in die sentrale grasveldgebied was die besonder baie jong saailinge wat hulle verskyning gemaak het. Hierdie saailinge is juis daar om weer die grootskaalse polafsterwing die komende somer aan te vul. Die hoop word uitgespreek dat die omgewingstoestande wel gunstig gaan wees vir hierdie saailinge om die komende somer te vestig. Die taak van die veeboer is dan juis om in sy bestuursprogram te sorg dat die saailinge sal vestig deur voldoende rusperiodes in te bou in die bestuursprogram en die veld nie oor te benut nie.

“Work is not primarily a thing one does to live, but the thing one lives to do. It is, or should be, the full expression of the worker’s faculties, the thing in which he finds spiritual, mental and bodily satisfaction, and the medium in which he offers himself to God.” Dorothy Savers.

Geskryf deur: Prof Hennie Snyman, Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde,
Universiteit van die Vrystaat (SnymanHA.SCI@ufs.ac.za)